

Bid om die krag van die Heilige Gees!

Groot gebeurtenisse bly nie onopgemerk nie. Verhale van die wonderlike verwickeling in Samaria waar mense tot bekering kom onder die geklank van die Woord, dring deur tot in Jerusalem waar die apostels nog altyd woon en werk. Hulle vaardig dadelik vir Petrus en Johannes af om visitasie te gaan doen. Tydens die besoek kom hulle gou agter dat daar wel baie mense in die stad gedoop is, maar dat die Heilige Gees nog nie op die mense uitgestort is nie. Daarom bid Petrus en Johannes tot die Here dat Hy ook in Samaria die krag van die Gees in oorfloed sal uitstort. Twee apostels, waarvan die een dalk nog maar 'n paar maande gelede wou bid dat oordeelsvuur van die hemel afdaal en die Samaritane verteer, bid nou dat God die Samaritane vurig met die Gees sal toerus. Wanneer hulle daarna die gemeente die hande oplê, oorstroom die krag van die Gees die mense.

Die vraag mag ontstaan: Waarom het die Heilige Gees nie dadelik in volheid oor die gemeente daar gekom nie, broeders en susters? Waarom moes die apostels eers uit Jerusalem kom en daarom bid? Die antwoord op dié vraag kan slegs wees dat God op hierdie wyse nog 'n keer in Samaria wou benadruk dat die lewe in sy koninkryk 'n volkome lewe van *genade* is. Hierdie mense van die stad in Samaria was verbyster vanweë die mag waaroor Simon beskik het, die mag van Satan. Toe het Filippus gekom en hy het hul aandag heeltemal van Simon af weggelei. Nou moes dit nie gebeur dat Filippus in die oë van die Samaritane algaande die plek van Simon gaan inneem nie, asof Filippus 'n nog beter en indrukwekkender towenaar as Simon sou wees. Daarom moes Samaria leer dat die uitstorting van die Heilige Gees nie 'n towerformule is nie, maar genade wat alleen deur Christus aan sy kerk *gegee* kan word. Lees ook vers 20 waar Petrus in sy antwoord aan Simon nie praat van die *mag* om die Heilige Gees te kan uitdeel nie, maar dat hy dit 'n "gawe van God" noem. Daarom kon die apostel nie hierdie gawe net gee nie – nee, hulle moes eerbiedig *bid* dat Christus sy Heilige Gees in Samaria in oorfloed sou uitstort. So het Christus Samaria onder sy genade gebring. Hy het hulle geleer om hulle heeltemal aan sy genade oor te gee, en hulle glad nie deur die mag van Satan te laat oorweldig nie.

Die vraag aan ons is: Besef óns nog dat die kerk van Christus genade op genade is? *Bid* ons nog, ook in ons huise, dat die krag van die Heilige Gees in die kerk in sy volheid aanwesig sal wees? Bid ons nog dat ons deur die krag van die Heilige Gees die duiwel en sy magte sal weerstaan? Bid dat ons, in die woorde van Efesiërs 6:17, "die swaard van die Gees, dit is die Woord van God", sal gebruik in ons stryd.

Sing: Psalm 33:1, 3

Dr Deon Lartz (Edenvale)